


**Bybelstudie**
**Eerste kwartaal 2021**

# Jesus
# se sewe
# Kruiswoorde

# **Bybelstudie 2021**

Eerste Kwartaal – Jesus se sewe kruiswoorde

## **WEEK 1** (2 en 3 Mrt.) – **Eerste kruiswoord**

- Skriflesing: **Lukas 23:26-34**
  *“Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”*

- Vrae vir groepsgesprek:

1. Wanneer ons oor die lydensweg van Jesus nadink, is daar ‘n hele klomp aspekte wat vir ons uitstaan: God se *ten spyte van* liefde (1 Joh. 3:16; 4:10; Rom. 5:8); die ongekende smart en pyn wat Jesus beleef het; dit was vervulling van die OT se profesieë (1 Kor. 15:3-5; Luk. 24:44-46; Jes. 53); Hy sterf plaasvervangend in ons plek vir ons; Hy wat in *totale gehoorsaamheid aan die Vader geleef het*, word as misdadiger (Jes. 53:12) en sondaar behandel (Luk. 23:32,33; 1 Pet. 3:18); dit was ‘n volkome offer wat *volkome* verlossing en vryspraak meebring... **By watter aspek vind jy die meeste aanklank, en waarom?**

2. **Praat met mekaar oor wat jy uit die volgende leer: HK, Sondag 15, Vraag 37:**
   *Wat verstaan jy onder die woordjie:* ***gely****?*
   *Antwoord: Dat Christus na* ***liggaam*** *en* ***siel*** *tydens*

*sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag **gedra** het (Jes 53:4; 1 Pet 2:24; 3:18; 1 Tim 2:6). So het **Hy** met sy lyding as die enigste versoeningsoffer (Jes 53:10; Ef 5:2; 1 Kor 5:7; 1 Joh 2:2; Rom 3:25; Heb 9:28; 10:14) ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis **verlos** (Gal 3:13; Kol 1:13; Heb 9:12; 1 Pet 1:18, 19) en vir ons die **genade** van God, die **geregtigheid** en die **ewige lewe** verwerf (Rom 3:25; 2 Kor 5:21; Joh 3:16; 6:51; Heb 9:15; 10:19).*

3. Jesus is daardie nag by nie een van die verhore regtig skuldig bevind nie – *nie voor die Joodse Raad, of Annas, Herodes, of voor Pilatus nie* (Luk. 23:4; 14-16; 22...). En tog word Hy oorgelewer om **gekruisig** (23:25, 33) te word... **Waarom die kruis en nie *steniging* nie?**

4. Te midde van alles wat gebeur, bid Jesus niks vir Homself nie, maar vir **ander**: “Vader, **vergeef** hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!” **Vir wie bid Hy, en waarvoor bid Hy?**

5. Hier aan die kruis leef die Here Jesus dit uit wat Hy soveel keer sy dissipels en die mense oor **vergifnis** geleer het... *Geen vergelding nie, onvoorwaardelike en onbeperkte vergifnis, geen oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand nie, maar volmaakte liefde, vir almal, jou naaste, selfs jou vyande*... (o.a. Matt. 5:21-26, 38-48; 6:14-15; 18:15-35) **Hoekom, sou jy sê, sukkel ons so om ander van harte te vergewe?**

- Persoonlik: **Is daar iemand wat jy nog van harte moet vergewe?**

6. Let op die voorbeeld van Stefanus in **Hand. 7:54-60**. **Hoe is dit moontlik?**

7. **Op watter manier, sou jy sê, is ook hierdie gebed van Jesus:** *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie",* **verhoor?** (vgl. die woorde van Lied 389:2)

# **Bybelstudie 2021**

Eerste Kwartaal – Jesus se sewe kruiswoorde

**WEEK 2** (9 en 10 Mrt.) – **Tweede kruiswoord**

- Skriflesing: **Joh. 19:17-27**
  *Jesus: Liefde en sorg tot die einde toe*

- Vrae vir groepsgesprek:

1. Die **hoofkarakters** in ons teks is die groepie Jesus-volgelinge by die kruis en die gekruisigde Jesus self. **Watter rol speel die ander karakters, die *randfigure*, van wie ons hier lees?**

2. Ons sien die groepie Jesus-volgelinge by die kruis waar Jesus vir ons sonde hang. **Wat, sou jy sê, is, in vergelyking met die randfigure, *anders* in hierdie kringetjie?**

3. Johannes vertel dat **Maria**, die moeder van Jesus daar was. So ook Maria se suster, **Salome**, die vrou van Sebedeus, en dus die ma van Jakobus en Johannes – dieselfde Johannes wat daar by die vroue staan, die skrywer van hierdie evangelie, die dissipel vir wie Jesus baie lief was. Dan was **Maria**, die vrou van Klopas daar, asook Maria Magdalena.

- **Op watter maniere het hierdie vroue se paaie met Jesus s'n gekruis?**

- **Hoe het Jesus se kruisiging en sterwe sy verhouding met hierdie kringetjie verander?**

4. Die groepie volgelinge **sien** Jesus se gegéselde, bebloede en naakte liggaam aan die kruis vasgespyker; hulle **sien** en **hoor** hoe sy liggaam op die verskriklike pyn reageer; hulle **hoor** die mense se veragting, spot, laster en haat... **Probeer verwoord wat hulle in hierdie omstandighede beleef en gevoel het?**

5. Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: *"Vrou, kyk, daar is u seun."* Daarna sê Hy vir die dissipel: *"Kyk, daar is jou moeder."*
   - **Wat sou Jesus met hierdie woorde bedoel het?**

   - **Wat leer ons by Jesus wanneer Hy so optree?**

6. Let op die woorde van **Flamlied no. 12**: *Aan 'n kruis en in 'n graf van steen, U leef en sterf, verworpe*

*en alleen. Immanuel, U die God met ons - U dra die straf, en dink aan ons – meer as ooit.*

- **Wat beteken dit vir jou dat Jesus ook aan jou gedink het?**

- **Noem nog voorbeelde uit die Bybel waar Jesus nie aan Homself gedink het nie, maar aan ander se belange, aan wat vir hulle goed is...**

7. Op watter praktiese maniere kan ons ook mense wees wat **liefhet** en **omgee** soos Jesus, mense wat **wegkyk** van die self en ander **raaksien** om hulle belange eerste te stel (Rom. 15:1-3; Fil. 2:3-8).

# <u>Bybelstudie 2021</u>

<u>Eerste Kwartaal – Jesus se sewe kruiswoorde</u>

**WEEK 3** (16 en 17 Mrt.) - **<u>Derde kruiswoord</u>**

- <u>Skriflesing</u>: **Luk. 23:39-43**
  *Die Here se genade vir sondaars*

- <u>Vrae vir groepsgesprek</u>:

1. Let op **Luk. 22:67-71 en 23:2, 35, 39** – die twyfel wat bestaan dat Jesus die Christus (die beloofde Messias) is. **Watter bewyse uit Jesus se lewe kan jy aanvoer waarom jy glo en bely dat Jesus wel die Christus is?**

2. Uit dit wat die ander misdadiger egter sê (**Luk. 23:40 en 41**), sien ons dat hý nie meer twyfel oor Jesus nie. Hy weet Jesus ly onskuldig, en juis dáárin toon Jesus dat Hy die Christus is, die beloofde Messias, die lydende Kneg en Dienaar van die Here God wat sy lewe vir mense in die grootste nood aflê (Jes. 52:13-53:12).
   - Gesels aan die hand van **Luk. 23:40 en 41** oor wat jy as <u>regverdige</u> en <u>onregverdige</u> straf beskou.

   - Vertel vir mekaar van ‘n situasie waar jy ook <u>onregverdig gestraf/behandel</u> is.

- **Hoe het jy in die situasie gevoel en gereageer?**

- **Watter lig werp 1 Pet. 2:18-23 op hierdie saak?**

3. **In watter opsig was die opskrif bokant Jesus 'n spotteken (vers 38)?**

4. Oor die een misdadigers se versoek: *Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom,* skryf **Murray Janson** as volg daaroor: *"Hy wat nog nooit – of lank nie meer – gebid het nie, hy probeer nou met een primitiewe gebed alles regstel. Hy wat aan niemand gedink het nie, verlang nou dat daar dringend aan hom gedink moet word. Hy wat aanvanklik ook vir Jesus gespot het, soek nou toevlug by dieselfde Jesus. Hy bied sy verspeelde, verknoeide lewe en sy kapotte, leeg gebloeide liggaam in sy laaste uur vir Jesus aan en verlang daarvoor genade... Die man vra 'n gedagte en hy ontvang die paradys. Hy bid om 'n druppel en word oorstort met 'n oseaan."*
   - **Wat leer dit vir jou van God se onbeskryflik groot genade?**

- **Hoe voel jy daaroor dat iemand *“op die laaste oomblik”* soveel genade ontvang?** (vgl. Matt. 20:1-16; Luk. 15:11-32)

5. Jesus se genade-antwoord aan die man: *“Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”* **Hoe verstaan jy Jesus se antwoord? (vgl. vraag 57** van die HK: Watter troos gee die *opstanding van die vlees (liggaam)* aan jou? *Antwoord*: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie (Luk 16:22; 23:43; Fil 1:21, 23), maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word (Job 19:25, 26; 1 Joh 3:2; Fil 3:21).

6. **Watter vrae leef in jou gemoed oor die lewe na die dood?**

# **<u>Bybelstudie 2021</u>**

<u>Eerste Kwartaal – Jesus se sewe kruiswoorde</u>

**WEEK 4** (23 en 24 Mrt.) - **<u>Vierde kruiswoord</u>**

- <u>Skriflesing</u>: **Matt. 27:45-49**
  *My God, my God, waarom het U My verlaat?*

- <u>Vrae vir groepsgesprek</u>:

1. **Wat is die dinge wat elke dag gebeur wat mense** *(selfs gelowiges, ook ek en jy)* **tot God laat uitroep**: *"Waarom, Here? Hoekom? Waarom het U as die God van liefde dit toegelaat? U het geweet dat dit gaan gebeur – kon U as die Almagtige dit nie gekeer het nie? Waarom nie, Here?"* (vgl. Ps. 22:1-22)
   - **Wat is die emosies wat mense in sulke omstandighede ervaar?**

   - **Vertel van 'n situasie waar jy werklik <u>eensaam</u> gevoel het?**

2. **Vers 45** verwys na drie ure van duisternis. Die merkwaardige is dat Paasfees 'n volmaanfees is. Dan is geen gewone sonsverduistering moontlik nie. Maar God gryp in in die natuur. Die duisternis helder oordag is die **teken** <u>van God se toorn oor die sonde</u> – ook oor Jesus wat die sonde van die wêreld

op Hom geneem het en dit in ons plek, vir ons dra. In die lig van God se toorn oor die sonde, en die verskriklike prys wat Jesus daarvoor moes betaal – die helse pyn, onuitspreeklike angs, **smarte** en **verskrikking** wat Jesus gely het, **probeer verklaar waarom daar vandag so ligtelik met sonde omgegaan word**.

3. Jesus se dissipels het weggehardloop; Judas het Hom verraai; Petrus het Hom verloën; sy volksgenote en kerkleiers het Hom verwerp en wou Hom dood sien; die soldate spyker Hom aan ‘n kruis vas, verdeel sy klere en spot Hom. Nou is Hy ook deur God verlate... Indien iemand jou sou vra om Godverlatenheid te omskryf, **wat sal jy antwoord**? (vgl. o.a. Gal. 3:13; Jes. 53:4,5)

4. “Eli, Eli, lema sabagtani? My God, my God, waarom het U my verlaat?” **Waarom, dink jy, het dit wel gebeur? Waarom was dit nodig dat Jesus juis hierdie weg moes gaan?**

5. Bespreek: *Al word Jesus in hierdie oomblikke deur God verlaat, verlaat Hy nie vir God nie. Ons vind*

*dit in die woorde: “**My** God, **My** God!” Daarom is Jesus se <u>aanhaling</u> uit Ps. 22 nie ‘n <u>verslae berusting</u> of <u>wanhopige aanvaarding</u> van sy onvermydelike lot nie. Dit is ‘n uiting van sy <u>aktiewe</u> **verbondenheid** met God.*

6. Ons bly in ‘n wêreld waar mense weens verskeie redes verlate en eensaam voel, en is. Daar is mense wat niemand het nie. **Wat kan ons as gelowiges prakties doen om sulke mense te ondersteun?**

7. In die lig van die feit dat die lewende Here tot die voleinding van die wêreld by jou is (Matt. 28:20), en dat niks jou van sy teenwoordigheid (Joh. 10:28,29) en liefde kan skei nie (Rom. 8:35-39), **wat wil jy nou vir die Here sê?**

# **Bybelstudie 2021**

Eerste Kwartaal – Jesus se sewe kruiswoorde

**WEEK 5** (30 en 31 Mrt.) – **Vyfde kruiswoord**

- Skriflesing: **Joh. 19:28,29**
  *"Ek is dors."*

- Vrae vir groepsgesprek:

1. Vertel van 'n geleentheid waar jy baie dors was... Wat was die omstandighede, en hoe het jy gevoel toe jy jou dors kon les?

2. Murray Janson *(Sewe dae sonder son)* wys ons daarop dat Jesus dors ly om **ons** *dors* aan ons te verkondig. Waarna "dors" die mensdom vandag met 'n onlesbare dors?
   - Dink ook hier na oor wat **Augustinus** gesê het: *"God het ons vir Homself gemaak en ons hart bly onrustig totdat ons rus gevind het in Hom."*
   - En **John Piper**: *God is most glorified in us when we are most satisfied in him.*

3. Jesus het by 'n paar geleenthede in die Johannes-evangelie oor **dors** gepraat. **Wat leer jy hieroor uit die volgende gedeeltes?**

- Joh. 4:10-14...
- Joh. 6:35...
- Joh. 7:37-39...

4. In **Matteus 27:34** (Mark. 15:23) lees ons dat die soldate met die aankoms by Golgota vir Jesus ‘n mengsel van wyn en gal gegee het om te drink, maar toe Hy dit proe, wou Hy dit nie drink nie. **Hoekom sou Hy dit nie wou drink nie?**

5. In ons teks roep Jesus uit: *“Ek is dors.”* **Wat, dink jy, sou die redes vir hierdie uitroep wees?**

6. In Matt. 25 (verse 31-46) praat Jesus oor die laaste oordeel waar Hy o.a. sê: “...Ek was dors, en julle het My iets te drinke gegee...” Dan sal die wat die wil van God gedoen het sê: “...(wanneer het ons U) dors (gesien) en U iets gegee om te drink?” En die Koning sal hulle antwoord: “Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.” “...Ek was dors, en julle het My niks gegee

om te drink nie...” “Vir sover julle dit aan een van die geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.” **Op watter manier sou hierdie gedeelte by Jesus se sesde woord aan die kruis aansluit?**

7. **Wat leer ons ook uit Rom. 12:20?**

# <u>Bybelstudie 2021</u>

<u>Eerste Kwartaal – Jesus se sewe kruiswoorde</u>

**WEEK 6** (6 en 7 Apr.) - **<u>Sesde kruiswoord</u>**

- <u>Skriflesing</u>: Joh. 19:28-30a
  **Tetelestai** – *“Dit is volbring.”*

- <u>Vrae vir groepsgesprek</u>:

1. Jesus sterf uiteindelik as vervloekte en spotkoning aan ‘n kruishout.
   **Hoekom, sou jy sê, is dit ‘n mistasting, kortsigtig en dom wanneer mense dink dat Jesus op Golgota verloor het?** (vgl. Matt. 16:21; 17:18; 20:18-19; Joh. 10:18; 1 Kor. 1:18, 22-25)

2. Die <u>eerste</u> kruiswoord het Jesus aan sy Vader gerig; Die <u>tweede</u> aan sy moeder en Johannes; die <u>derde</u> aan die misdadiger aan die kruis langs Hom; die <u>vierde</u> tot God; die <u>vyfde</u> tot die soldate, en die <u>sewende</u> weer tot sy Vader. Die **sesde** kruiswoord is egter nie aan iemand spesifiek gerig is nie. En tog is dit eintlik aan almal gerig, die hele wêreld. **Wat sou dit beteken?**

3. Die tydsvorm waarin die woordjie (tetelestai) geskryf is, verwys na ’n daad in die verlede, wat steeds vandag ‘n voortdurende effek het. D.w.s. die effek van die kruis word voortdurend nog in ons bewerk. **Vertel vir mekaar hoe jy die effek van die kruis in jou eie lewe beleef en dit in ander se lewens raaksien.**

4. “***Dit*** is volbring!” **Waarna, sou jy sê, verwys die “*dit*” alles?**

5. “Dit ***is*** volbring!” **Watter troos lê alles in die “*is*” vir ons opgesluit?**

6. “Dit is **volbring**!” **Waarop wys “*volbring*” ons?** (vgl. Heb. 9:14; 10:14)

7. **Wat leer ons uit *Joh. 10:17-18* oor Jesus wat aan die kruis sterf?**

# **Bybelstudie 2021**

Eerste Kwartaal – Jesus se sewe kruiswoorde

**WEEK 7** (13 en 14 Apr.) - **Sewende kruiswoord**

- Skriflesing: **Luk. 23:44-49** (46)
  *"Vader, in U hande gee Ek my gees oor."*

- Vrae vir groepsgesprek:

1. Vertel vir mekaar wat jou belewenis was toe jy by 'n sterfbed van 'n geliefde gestaan het. Of indien jy nog nooit by 'n sterfbed gestaan het nie, vertel wat jy beleef het met die ontvangs van die boodskap dat iemand baie na aan jou oorlede is.

2. Lukas beskryf vir ons dat Jesus Christus, die Seun van God – na ses ure se hang aan die kruis, en na alles volbring is – die laaste asem uitblaas, en sterwe... Jesus is dood! Sy hart het gaan staan en Hy het opgehou asemhaal... **Watter bewys het ons dat dit nie 'n skyndood was nie?** (Vgl. Joh. 19:31-37; HK, vraag en antwoord 41)

3. Die sewende kruiswoord: *"Vader, in U hande gee Ek my gees oor"*, is 'n aanhaling uit Ps. 31:6 – woorde wat van kleins af vir kinders geleer is sodat

dit vir die res van hulle lewe hier op aarde deel van hulle aandgebed kon wees. **Vertel vir mekaar watter kindergebede onthou jy uit jou kinderdae, wie dit vir jou geleer het, en wat dit vir jou as kindjie beteken het om te bid.**

4. Met hierdie woorde het ‘n Jood hom in die aand aan die Here toevertrou, met die verwagting en vertroue om die nuwe dag te beleef wanneer die nag verby is. **Wat sou Jesus met hierdie woorde bedoel?**

5. **Murray Janson** skryf hieroor as volg: “... (Jesus) roep die dood nader, nie sodat die dood ook vir Hom soos al die ander kon neem nie, maar sodat Hy die dood uit die dood kon wegneem. Sedertdien is die dood nie meer dieselfde nie. Van nou af heet die dooies “ontslapenes” (1 Tess. 4:13), kompleet asof hulle maar net ‘n tydjie rusig slaap totdat hulle wakker gemaak word. Van nou af hoef hulle nie meer vir die donker van die dood bang te wees nie en kan hulle in die sterwensuur hierdie woord van Christus letterlik nasê.” (Sewe dae sonder son, p. 109) **Wat beteken dit vir jou om in die hande van die Vader te wees –**

**liggaam, siel en gees – hande waaruit niks en niemand jou kan ruk nie (Joh. 10:29)?**

6. **Bespreek die stelling van Johan Cilliers**: *Jesus het werklik doodgegaan sodat mense wat werklik doodgaan, werklik kan lewe...*

7. **Wat was die getuies rondom die kruis se *reaksie* op Jesus se sterwe?**
   - Die offisier en die soldate (Matt. 27:54; Mark. 15:39; Luk. 23:47)
   - Die skare mense (Luk. 23:48)
   - Jesus se vriende (Matt. 27:55; Luk. 23:49)

8. Matteus beskryf vir ons alles wat gebeur het nadat Jesus sterf (Matt. 27:51-53; Mark. 15:38) **Hoe moet ons dit verstaan?**